CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep



Junie 2021 No.102

PNS CANOLA-OPBRENGSKOMPETISIE 2020

Chris Cumming, PNS Konsultant en Piet Lombard, Dept. Landbou Wes-Kaap

Die 2020 seisoen was ’n baie gunstige jaar vir graanproduksie in die Wes-Kaap, veral in die in die Overberg en Suid-Kaap gebiede. Koring, gars en canola-oeste in hierdie twee gebiede was van die hoogste wat in jare gerealiseer het. In die Swartland het produsente gemiddelde tot effens bo-gemiddelde oeste afgehaal.

Die reënval in die Swartland was naby aan die langtermyngemiddelde. Die reënval tydens Junie, Julie en Augustus was in baie gevalle beter as die langtermyngemiddelde. Die gemiddelde maksimum temperatuur vanaf Mei tot Julie was tussen 1.3°C (Mei 2020) en 2.4°C (Junie 2020) hoër as die langtermyngemiddelde op Langgewens in die Swartland. Die warmer temperature, tesame met die hoër reënval, was waarskynlik ideaal vir gewasverbouing tot Julie. Canolaplante is baie gevoelig vir hoë temperature tydens die periode vanaf blom tot met die einde van saadvulstadium. Gedurende die periode was die maksimum- (1.1°C) en minimum temperature (1.4°C) laer as die langtermyn gemiddeld op Langgewens. Die koeler temperature het ook in September voorgekom. Die sameloop van klimaatsomstandighede in 2020 het tot gevolg gehad dat baie goeie saadopbrengste voorgekom het.

Die Suid-Kaap het ’n goeie reënseisoen gehad. Die gemiddelde temperatuur (Tygerhoek) gedurende Augustus was onderskeidelik 1.6°C (maksimum temperatuur) en 1.4°C (minimum temperatuur) laer as die langtermyn gemiddeld. Soos reeds genoem, is dit die periode wat die plante blom en peule vul. Die periode van blom is egter baie langer (40-60 dae) as in die Swartland (>30 dae), gevolglik kan boere ’n baie goeie opbrengs te wagte wees.

Die wenner van die >150 ha-afdeling was Sakkie Rust van I.C. Rust Boerdery, Wellington, wat ’n gemiddelde opbrengs van 2,16 ton/ha van 806 ha, geoes het. Die naaswenner,

Eduard Loubser van P.E Loubser Boerdery, Durbanville, het gemiddeld 2,0 ton/ha van 473 ha canola geoes. Die gemiddelde opbrengs van al die >150 ha inskrywings was, 1,96 ton/ha vanaf ‘n gesamentlike 2988 ha. Dit is ’n merkwaardige prestasie in ’n seisoen met ondergemiddelde reënval in die 3 wintermaande.

In die kategorie <150 ha aangeplant, was die wenner Melt van der Westhuizen van Klipheuwel, Moorreesburg, met 3,16 ton/ha gemiddeld op 67 ha. Dit is Melt se tweede keer dat hy die kompetisie wen, ’n fantastiese prestasie. Die naaswenner, Andries Louw van Sandfontein, Durbanville, het gemiddeld 3,05 ton/ha geoes op 104 ha. Die gemiddelde opbrengs oor die 601 ha (<150ha canola per plaas) wat ingeskryf was, was 2,33 ton/ha. Indien in ag geneem word dat die langtermyngemiddelde opbrengs vir canola in die Swartland onder 1,4 ton/ha is, besef ’n mens die omvang van hierdie prestasie.

Soos voorheen gemeld, was klimaatstoestande in die Overberg en Suid-Kaap baie gunstig vir canolaverbouing. Somerreën in die voorafgaande maande het beteken dat grondvog tydens plant voldoende was vir goeie ontkieming. Die beginsels van bewaringsboerdery wat in die twee gebiede toegepas word, het ook ’n positiewe bydrae gelewer. Die reënval verspreiding deur die groeiseisoen was oor die algemeen gunstig en die blom- en peulvorming tydperk was koel; ideaal vir optimale saadvul en peulvorming.



In die >150 ha afdeling was die wenner Franco le Roux van Klipdale Boerdery naby Napier, met ’n verstommende gemiddelde opbrengs van 2,79 ton/ha oor 1308,7 ha. Die naaswenner, kort op sy hakke, was Niel Neethling van Verfheuwel Boerdery, Bredasdorp wat ’n gemiddelde opbrengs van 2,47 ton/ha op 207 ha geoes het.

In die <150 ha kategorie was die wenner Johannes Beukes (Boetie Beukes se plaasbestuurder) op Kralegin Boerdery, Caledon. Hy het 3,07 ton/ha gemiddeld op 92ha geoes. Die naaswenner, Ian le Roux van Fonteinskloof, Protem het 2,79 ton/ha geoes.

Wat vanjaar se kompetisie vir ons duidelik bewys is dat:

a) Indien 'n produsent canola as 'n gewas in eie reg aanplant en die nodige bestuursinsette lewer;
b) Hy die regte kultivar op die regte plek plant, die regte tyd; en
c) As die klimaat saamspeel, het die gewas die potensiaal om as 'n volwaardige kontantgewas opsie oorweeg te word in 'n goed deurdagte wisselboustelsel.

Canola het gekom om te bly!!

Navrae: Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com

Redaksie: PJA Lombard, J Bruwer, Chris Cumming en F le Roux

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.

PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION